

Woensdag 7 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6

As jy glo, is jy 'n kind van God

Paulus gebruik hier 'n faset van 'n testament om die leerstuk oor die vryspraak deur die geloof te verdedig. Waarop hy hier klem lê, is dat 'n erfgenaam nog nie die eienaar van sy erfporsie is solank hy nog minderjarig is nie. Dit sal namens hom deur iemand anders bestuur word totdat hy oud genoeg is. Ja, alhoewel die erfstuk reeds aan die kind behoort, is dit nog nie in die volle sin van die woord syne nie.

Die punt wat Paulus hier wil beklemtoon, is dat die datum wat die pa bepaal het, vir sy seun "n tyd van vrywording" is. Voor daardie tyd staan hy onder toesig en bestuur (4:2). In 4:3-5 pas Paulus dan die voorbeeld op die wêreldgeskiedenis toe. Net soos die pa in die testament, het God vir die mensdom 'n datum van vrywording bepaal, naamlik toe Jesus na die wêreld gestuur is. Hy het mens geword en as Jood het hy onder die wet gestaan. Maar Hy kon vrykom van die wet, omdat Hy dit volledig onderhou het.

Daardie vryheid gee Hy aan elkeen wat in Hom glo en so maak Hy ons vry van wettiese godsdienstige reëls om ons vryspraak by God te probeer verdien. Elkeen wat glo, is nou in Christus kind van God. In vers 6 en 7 noem Paulus dan een van die wonderlike voorregte waarin alle gelowiges kan deel omdat hulle God se kinders is: *God stuur die Gees van sy Seun om in hulle te lewe*. Die Heilige Gees word nie net aan sekere gelowiges gegee nie, maar aan elke gelowige. En wat doen die Heilige Gees wanneer Hy in die gelowige lewe? Hy oortuig hom dat hy God se kind is en help hom om dit in die praktyk te ervaar.

Het Jesus jou daarvan vrygemaak om jou redding deur die nakoming van die wet te probeer bewerk? As jy in Hom glo, is jy gered, ja, is jy God se kind vir altyd! Moenie probeer om die Here te dien om verlos te word nie. Dien Hom omdat jy sy kind is en omdat jy Hom daarvoor wil loof en dank.

Sing: Skrifbelyning 5-2:3, 9, 10

Ds. AB van der Walt (Braam) (Plett/Knysna)